

**Skriflesing:** Efesiërs 1: 1 – 14Teks: **Efesiërs 1:3**Sing- **VOORAF: Ps. 20: 1,2,4,5****TYDENS EREDIENS: Ps. 33:1; Ps. 98:4; Ps. 18:14,19; Sb. 1-1 (24): 1,7****Efesiërs 1: 1 – 14****Eph 1:1** Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.**Eph 1:2** Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!**Eph 1:3** Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.**Eph 1:4** So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.**Eph 1:5** In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.**Eph 1:6** Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.**Eph 1:7** Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God**Eph 1:8** wat Hy in al sy wysheid en insig so oorfloedig aan ons geskenk het.**Eph 1:9** Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak**Eph 1:10** en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.**Eph 1:11** Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.**Eph 1:12** Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys.**Eph 1:13** Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.**Eph 1:14** Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.**Skriflesing:** Efesiërs 1: 1 – 14Teks: **Efesiërs 1:3**Sing- **VOORAF: Ps. 20: 1,2,4,5****TYDENS EREDIENS: Ps. 33:1; Ps. 98:4; Ps. 18:14,19; Sb. 1-1 (24): 1,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in baie opsigte het dit weer so nodig geword dat ons as kerk van die Here, ja as Kerk wat aan die Here behoort weer mooi nadink wie ons nou eintlik is? Dís 2020, 'n jaar so anders as ander jare, omstandighede en aanpassings waarop niemand werklik op voorbereid kon wees nie. Graag wil ek vandag en in die weke wat kom 'n reeks in die gemeente begin wat ons moet bring by weer van die mees basiese vrae oor waarom is ons nog kerk van die Here. Waarom nog kerk in 2020. Kom ek stel dit dalk anders, kom ons dink weer goed na oor wie die kerk is en hoe ons as kerk moet wees.

Efesiërs is 'n brief wat ons op 'n baie besondere manier, nie maar sommerso ligweg en in baie gevalle te gemaklik oor die Kerk van die Here laat dink en daaroor praat nie. Daar is net in

hierdie inleidende verse van Efesiërs al so 'n groot dinamika as ons oor ons kerk-wees kan jubel. Ja, mag dit dadelik beklemtoon word, om kerk van die Here te wees moet 'n vreugde wees. Efesiërs is die boek wat by uitstek oor die Kerk skrywe maar dit begin met 'n pragtige loflied. Wie oor die kerk wil dink en praat moet met 'n lofprysing wil begin. God moet geprys kan word, ja die Drie-enige God loof Hom. Hy wat ons sy Kerk gemaak het. Ons tekswoorde vandag *Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.*

\*\*\*

Kom u agter hier is 'n opgewondenheid in Paulus se stem. Hy sit in die tronk as hy Efesiërs skrywe. Dis omtrent so 60-61 n.C. Hyself is in die tronk in Rome, hy sit al twee jaar daar en wag om verhoor te word. U kan Handeling 28 gaan lees (veral vers 30). In hierdie twee jaar skryf Paulus sy gevangenisbriewe, hy skryf Efesiërs, maar ook Efesiërs se tweeling brief, die Kolossense brief, hy skryf Filippense, hy skryf Filemon. Hy is in die tronk, hy beleef 'n tipe van inperking wat ons as mense die afgelope ses maande dalk net so 'n effense voorsmaak gekry het maar hy is werklik fisies in die tronk! Ons omstandighede was beslis nog nie naastenby so swaar soos syne nie al het die inperking veral in die eerste maande ons ook sterk aan iets van om 'n gevangene te wees kon herinner.

Maar wat doen Paulus as hy Efesiërs begin skryf, hy doen eintlik presies dieselfde as wat hy gedoen het toe hy en Silas ook in Filippi in die tronk was omdat hulle in Jesus Christus glo. Gaan lees Handeling 16 vanaf vers 16 ... Paulus en Silas was flenters geslaan, die skare het hulle uitgejou, hulle was in die binneste dele van die tronk opgesluit, hulle voete in van die swaarste kettings, in 'n houtblok vasgeklem maar ons lees Handeling 16 vers 25: *25 Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister.* In die grootste benoudheid laat Paulus nie toe dat die lof wat aan God behoort nie gehoor mag word nie.

\*\*\*

Efesiërs hou nie terug nie. Ons gelese gedeelte vandag is een lang loflied want God se kerk moet kan sing ja God in sy Kerk moet besing kan word. As ek nie oor die Kerk kan sing nie, ek kry nie reg om hierdie lofprysing saam met Paulus oor die kerk van die Here aan te hef nie dan is die eerste teken dalk dat my verhouding met die Kerk nie reg is nie, maar dis maar net 'n simptom

van 'n groter kwaal, want met alle siektes werk dit so. Ek dra dikwels simptome van 'n kwaal maar dan het ek nie noodwendig by die oorsaak van hierdie simptome kon uitkom nie. Efesiërs gaan ons help met wat dalk lankal verkeerde simptome in my kerklike verhoudinge openbaar, maar die operasie gaan diep sny, ons wil by die uiteindelijke kwaal uitkom oor hoekom ons as kerke vandag lyk soos ons lyk. Wat maak dat ons so lyk?

\*\*\*

Mag die Here ons op hierdie operasietafel naby wees om ons by elke deeltjie van wat ons as kerke weer gesond, gelukkig en hoopvol kan maak by uitbring. 'n Ware kerk kan nie op 'n ander plek begin as om by God te wil begin nie. Wat doen God moet ons eerste en belangrikste vertrekpunt wees as ons oor die Kerk van God wil praat. God doen in vandag se gelese gedeelte drie dinge wat my lofsang boweal moet wees - Sien dit vanuit Efesiërs raak- eerste dan ... ons is gekies deur die Vader ... tweedens ... ons is gered deur die Seun ... derdens ... ons is gemerk deur die Heilige Gees. Eerste dan –

**Ons is gekies deur die Vader:**

Jy moet weet wie jy is voor ons vandag enige tree verder kan gee. Jou identiteit kom al 'n lang pad met jou saam. Hoe ouer ons word hoe duideliker word ook jou identiteit. Dis hoe dit veronderstel is om te wees ... Wie jy is, wie jy werklik is, wie is jy vir jouself, wie is jy vóór ander mense, maar sekerlik die belangrikste ... wie is jy vóór God? En ons kan probeer om allerhande lang draaie met so 'n vraag te probeer loop maar iewers langs die pad moet ek die vraag kan antwoord. Want jou en my identiteit hang baie nou saam met wat die kerk in hierdie dae ook voor die Here moet wees en ook wat is die kerk se identiteit in hierdie dae. Het die kerk nie in 'n groot mate soveel van haar identiteit begin prysgee omdat soveel mense self eintlik nie meer weet wie en wat hulle in hulle lewe is nie.

Is ek hier op aarde om geld te maak, is ek hier om in die korona-pandemie ook maar net my beste te probeer om te oorleef, is ek hier om maar net my kinders groot te kry, ja sommige gaan sover om te probeer dat ek my kinders tog net in staat moet kan stel om hierdie gemors van 'n land wat ons nou in moet lewe, hulle net uit die land uit te kry. Is dit waarvoor ons ons kinders gedoop het? Identiteitsoekers, identiteitvraers laat my in die oop see van die lewe dalk niks beter voel as 'n jellievis wat dit regkry om tog wel op die groot oseane te bly drywe, maar wat is die jellievis nou eintlik. Is hy meer jellie of meer vis. Was hy maar jellie of was hy maar vis. Tog is hy dit

wat mens nie veel mee kan maak nie. Alhoewel hy baie kan seermaak. Baie mense verwag dat die kerk al meer na die mens se smake en voorkeure moet pas, by die tydsgees moet aanpas en kyk hoe lyk baie kerke vandag. Die verwaarlosing word al groter! Baie wat hulleself die naam kerk toe-eien maar dit nie meer is nie, gemeet aan Artikel 28 en 29 van die NGB.

\*\*\*

Efesiërs se begin fokus baie sterk op die kerk se verlede. Daar is ons vertrekpunt dat God het ons uitverkies. Dis vers 4: *4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.* Daar begin jou en my identiteit, daarin lê dit dat die Vader sy kinders uitverkies het. Ek moet voor God heilig en onberispelik kan wees! As ek dit nie saam met Paulus, saam met die kerke in en rondom Efese, as ek dit nie saam met die kerke van alle eeue vooraan kan plaas nie, dit wat ons belydenis vanuit die Dordtse Leerreëls so 'n besondere belydenis maak, dan sal ek nie God se seëninge op die regte plek kan plaas en op die regte plek daarna kan vra nie. Dordtse Leerreëls hoofstuk 1, ja daardie eerste paragraawe van die Dordtse Leerreëls moet ons oor en oor wil lees. Daar staan soveel daarin maar dit het alles met God se seëninge te doen.

\*\*\*

Vers 3 Efesiërs 1, praat oor God se seëninge maar dadelik praat vers 4 oor God se uitverkiesing. Die twee is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Vers 3 wat sê ... God het ons in Christus geseën ... ons moet dit mooi lees ... *Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.* Dadelik kom vers 4 dan daarby: *4 So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.* God alleen maak dat jy 'n geseënde kan wees. As God jou dit nie maak nie kan jy dit nie wees nie!

Tog het die Bybel sulke aangrypende woorde, eintlik woorde wat jou na jou uitverkiesing saggies heenlei, as ons ook in Efesiërs deurlopend lees van hoe God dit *bestem* het (vers 5) ... in vers 9 lees ons weer van God *se voorneme* ... vers 11 praat van God *se wil* en noem vers 11 dit ook by nog 'n duidelike naam nl. dit is God *se raadsbesluit*. Vers 11 is dit amper asof dit in 'n koor gehoor kan word, die hoogtepunt, die crescendo van hierdie lofsang - *11 Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.* 'n Crescendo gaan oor die geleidelike verandering in volume wat gehoor word, tot op die punt wat ek dit die hardste en

duidelikste moet hoor – dis vers 11. *Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.* As ons vers 11 vanuit die Grieks met meer letterlike woorde wil inkleur dan gaan dit oor waartoe God ons aangewys het en tog het Hy ons vooraf afgesonder, omdat dit moet wees volgens die voorneme van Hom wat alles laat gebeur volgens die raad van sy wil. So lui 'n letterlike vertaling van vers 11.

In alles kom dit daarop neer – Ons is gekies deur die Vader ... Daarom moet ons nie skrik en bang wees as ons van die uitverkiesing hoor nie, want dit is juis 'n saak van troos. God wil ons met hierdie uitgangspunt wat sy genade laat weergalm jou verseker jy behoort aan My. Niks sal jou uit My hand ruk nie, al sterf jy ook. Die uitverkiesing gee sekerheid in so 'n onsekere wêreld. Ons hoor duidelik hoe God dit gedoen het, ja in Christus, ons hoor wanneer God dit gedoen het, nog voordat die wêreld geskape was, ons hoor ook die doel – hoekom God dit gedoen het. God wil dat ons heilig en onberispelik voor Hom sal wees. Vir Hom afgesonder, ja die verbond word so 'n lewende werklikheid as die uitverkiesing jou groot troos geword het. Dan wil jy meeleeft, jy wil God se grootheid besing, sy goedheid geniet, sy skoonheid bely, ja in Hom deur Christus wil ons net by Hom wees en sy liefde en grootheid ervaar. Eintlik kan woorde nie dit alles saamvat nie!

Alles is net genade, genade op genade, want Hy hét ons uitverkies nog voordat die wêreld gemaak is. Probeer jou hierdie enkele gedagte indink! Die uitverkiesing berus by God se groot, eenmalige onveranderlike besluit waar God ons uit die moeras van sonde en dood uitgehaal het en Hy ons oorgebring het om ons aan Christus te verbind om sy eiendom te wees. Hy wat ons gekies het nie omdat Hy vooruitgesien het dat ek darem ook sal wil glo nie, dis hoe die Remonstrante, die Metodiste en hulle meelopers, die New Life en die charismatiese kerke dit sê - nee ons belydenis maak dit duidelik God en Hy alleen, sonder enige meewerking van die mens het ons uitverkies SODAT ons kan glo. God het jou uitverkies om jou 'n gelowige te maak, beslis is ek nie uitverkies omdat God nou ook kon sien ek wil darem glo nie. Dan is geloof mos mensewerk en mensewerk is altyd boos, gevaarlik, misleidend en bedrieglik!

God het besluit wie sy kinders sal wees en as jy dit is, sal jy daarvoor bly wees en sal jy daarvoor wil sing. As ons die Grieks in Efesiërs 1 lees dan is vers 3 tot 14 een lang sin, m.a.w. dit word 'n

loflied wat ons byna kan sê die lied het nie 'n einde nie! Ons het eintlik in hierdie een aaneenlopende lang sin 'n lang lys van hemelse seënninge wat alleen deur die Heilige Gees 'n werklikheid kan word. En ja bo-aan die lys staan die uitverkiesing! Ons kan juig oor ons verkiesing in Christus, in Hom alleen. Die uitverkiesing is die grondslag van ons geloofsekerheid oor ons verlossing en die ewige lewe. Watter besondere seën om dit mag weet dit weer te mag hoor en daarvan seker te mag wees. Dit wat God in die verlede gedoen het loop oor na die hede. Dit is ons tweede gedagte wat ons sekerlik in die reeks so dikwels weer na moet terugkeer- ons is in die verre verlede gekies deur die Vader en tog nou ... in die hede ...

**Gered deur die Seun:**

Hulle wie God bestem het om sy kinders te wees, vers 5-word bestem om op 'n spesiale wyse kinders van God te wees. Dit kan alleen deur Jesus Christus gebeur. Dit maak dit baie spesiaal om op so 'n wyse deel van God se gesin te word. Wanneer ons al meer met Efesiërs besig sal raak dan besef ons dat in die groot dinge wat ons hier na vore bring dit wel ook iets met 'n geheimenis te make het.

Wanneer God se Woord oor 'n geheimenis handel dan moet ons altyd besef dit is iets wat ons nooit self sou geweet het as God dit nie vir ons bekendgemaak het nie. Vers 9 wys op so 'n besondere wyse na hierdie geheimenis. *9 Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak* Dan moet ons dit dadelik met vers 10 in verband bring – as ons vers 9 en 10 dan saamlees: *9 Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak 10 en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.*

Waar God se plan en God se geheimenis God se kinders se lewens inkom dan gaan dit oor dinge wat God se kerk die saamtrepunt moet wees. Dit gaan om onder Christus verenig te wees. Hy die Hoof van God se Kerk. Watter besondere seën het die Kerk ontvang om Christus as ons Hoof te mag hê. Ons enigste Hoof. Hy wat sy Kerk regeer. Om onder Hom, in sy Naam ook as kerk hier in Postmasburg verenig te mag wees. Om te mag weet dat God ook met sy Kerk hier op Postmasburg nog heeltyd planmatig werk, is ook dit wat ons nooit mag vergeet nie. Iemand verwys na hierdie eerste gedeelte in Efesiërs as God se grondplan. In God se grondplan het ons

vooraan die Vader se uitverkiesing, maar deel van dieselfde grondplan is Christus se verlossing en sy Hoofskap. Hy die Hoof van God se Kerk wat ons ook mag noem die nuwe Godsvolk. Christus wat verlossing en vergewing skenk bring ons ook bymekaar. Hy die een Hoof onder Wie ons verenig mag wees. Geliefdes u sal agterkom soos ons mettertyd deur Efesiërs mag werk dit 'n boek is vol van God se werke. Dis 'n boek van baie werkwoorde. Uitverkies, bestem, om God te prys is alles werkwoorde. En om dit onder die een Hoof saam te voeg, ja dat daar onder Christus se heerskappy nie net 'n eenheid mag wees nie, maar ook gewerk mag word, is duidelik.

God se seëninge, dit wat vandag se tekswoorde in besonder wou wees, stel ons in staat om so te mag werk. Ja, God wat alles in almal vervul. God bewerk alles in almal wat Hy sy eiendom gemaak het, kan ons ook sê. Maar dan laat ons laaste gedagte ons dit ook nog vêrder voer. Ons is verseël deur die Heilige Gees. Of kom ek dit dalk nog anders stel:

**God het ons gemerk:**

Om deur die Heilige Gees gemerk te wees. Vandag was ons met verlede, hede en toekoms besig. In die verlede deur God die Vader verkies, in die hede in Christus verlos, Hy is op hierdie oomblikke Hoof van Sy Kerk, ja in Hom moet ons onberispelik en heilig lewe, dis ons werk in hierdie tyd. Hy is die Een wat ons bedroef maak as ons nie gehoor gee aan wat Hy die Hoof van ons verwag nie. Sy ryke genade is nie alleen deel van die verlede of sal nie eers eendag 'n werklikheid word nie, maar dis op hierdie oomblikke ons ryke deel. Wie met die genade van God mors, wie daarmee allerhande verskonings en draaie wil loop met wat jy in jou gewete voor die Here weet nie reg is nie, is besig om met Christus te wil mors.

Die merkteken wat God ons gegee het, ja ook toe ons verlede Sondag 'n babatjie gedoop het, is ook so 'n wonderlike anker en seël. 'n Teken vir die toekoms ... Daardie kindjie is vir God gemerk. So een kry deel aan al die groot dinge reeds vandag genoem. In die Vader gekies, in die seën verlos, in die Gees gemerk. Dis die Heilige Gees wat die geloof in ons werk, ja as die Vader jou verkies het, sal die Gees jou die geloof skenk. Dis die sekerheid waarmee ons hierdie Woord vandag en tot in die verre toekoms mag bly verkondig. Mag dit in die weke wat kom ook vanuit Efesiërs gebeur.

Vers 13 is so 'n duidelik uitspraak dat alleen die Heilige Gees ons tot die ware geloof kan bring. Luister weer na die einde van die vers, ook weer die besondere omvang: *In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. 14 Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.* Hoor u saam met my die toekomstaal ... *ons sal verder ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos.* So sluit ons dan vandag ons eerste preek in hierdie reeks af, met die woorde dat ons God se grootheid sal prys. Reeds vandag ...

Al gebeur daar swaar dinge, ja al staan ons oor so bietjie meer as 'n week by 'n oop graf, al is daar in u lewens al verskriklike hartseer gewees, dinge wat gebeur het, dinge wat u gedoen het, dinge wat u so spyt is oor en u kan dit nie verander nie, as u deur die Gees gemerk is, sal die Gees jou troos. Hy word nie verniet ook ons Trooster genoem nie. Sy werk het ewigheidswaarde. Verseël as God se eiendom tot in alle ewigheid, dis die ware kind van God se sekerheid. Hy wat ons sal oorbring ook na ons bestemming as hierdie aardse lewe nie meer my deel is nie. Buiten die sekerheid gee Hy ook die waarborg vir ons en ons kinders, tot in die vërste geslagte. V/A 58 is so duidelik in die Gees van God gedoop as ons daardie ware betekenis van ons belydenis ook vasgryp. Die vraag is? **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?** En ons dan kan antwoord: **Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.** Mag ons vandag en die weke wat kom, ook in hierdie reeks verder aan God waarlik wil prys met wat ook ons tekswoorde vir verlede, hede en toekoms is, u wat deur God gekies, gered en gemerk is ... U die Here se kerk wat vandag steeds ware Kerk moet wees, wat u verseker dat in die toekoms u verlossing eendag volkome sal wees, ja mag u geseën wees, mag God u seën om alles in u almal te vervul ... *3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.*

AMEN